

Skrifgedeelte: Fil. 1:27 – 2:5.

Teksgedeelte: Fil. 2: 27.

Agtergrond:

Die naam Filippense kom van die Griekse stad waar die kerk aan wie hierdie brief geskryf is geleë was. Filippi was die eerste dorp in Masedonië waar Paulus 'n kerk gevestig het. Oorspronklik geken as 'Krenides' ("klein fontein") oor die groot aantal naby geleë fontein het Filippi sy naam gekry van Filip II van Macedon, die vader van Alexander die grote. Getrek deur die naby geleë goudmyne het Filip hierdie gebied verower in die vierde eeu v.C. en in die tweede eeu v.C. het Filippi deel geword van die Romeinse streek Masedonië. In 42 v.C. het die magte van Antony en Oktavius die van Brutus en Cassius verslaan in die veldslag van Filippi, dus het dit die Romeinse Republiek geëindig en Romeinse keiserryk aangekondig.

Na hierdie veldslag het Filippi 'n Romeinse kolonie geword en baie veterane van die Romeinse leer het hulle hier gevestig. As 'n kolonie het Filippi 'n selfregering van die provinsie se regering gehad en die selfde regte as die stede in Italië, insluitend die gebruik van Romeinse wette, vrystelling van sekere belasting en Romeinse burgerskap vir die inwoners van die dorp. Met die wat Filippi 'n kolonie was, was hierdie titel 'n bron van baie trots vir sy burgers, wat Latyn gebruik het as hulle offisiële taal, Romeinse gebruike aangeneem het, en hulle stadsregering gemaak het volgens die van die Italiaanse stede. Handeling en Filippense reflekteer Filippi se status as Romeinse kolonie.

Die stad het bestaan uit oud Romeinse soldate ons kan dink dat dinge soos eensgesindheid, samewerking, standvastigheid, getrouheid ens. was baie bekende begrippe vir hierdie mense, en dan ook so vir die mense wat deel van die kerk in Filippi geword het, dit waartoe Paulus hulle in hierdie teks aanspoor was nie vreemde begrippe vir hulle nie. Paulus se beskrywing as burgers van die hemel in Fil. 3:20 was gepas met die wat die Filippense trots daarop was om hulle self te beskryf as burgers van Rome (Hand. 16:21).

Burgerskap in die hemel:

Wanneer jy aan 'n weermag dink, dan sien jy hier in jou agterkop 'n groot groep mense wat soos een man opstaan vir hulle leier, wat sy opdragte aan hulle altyd gehoorsaam en selfs bereid is om vir hom te sterf.

Toets jouself:

Vra jouself: Sal jy in die gemeenskap waaraan jy behoort ten volle eensgesind opstaan vir jou hemelse Koning? Fokus jy genoeg op jou hemelse burgerskap? Of is daar te veel faktore wat jou aandag daarvan aftrek? Gee jou optrede die vyand (die duiwel) 'n vatkans?

Ons moet onthou: God maak ons burgers van sy koninkryk en daarom moet ons soos burgers van sy koninkryk lewe! Dink ook aan Matt. 6: 19 – 21.

In ons teksgedeelte val Paulus dadelik met die deur in die huis en in vers 27a sien ons die belangrikste opdrag aan die gelowiges. Die **hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees.** Ons kan dit ook vertaal dat dit waardig aan die evangelie van Christus moet wees. Die gemeente in Filippi was seker een van die mees standvastige en volwasse kerke in die tyd van die Nuwe Testament:

- steeds was die kerk nie foutloos nie.

Paulus waarsku hulle teen die vyande van die kruis, want die kerk moet altyd waaksaam wees. Mens moet dikwels in jou eie hart kyk en ondersoek of jy nog spirituele integriteit het. Dit geld vir elke gelowige wat aan Christus behoort om gereeld selfondersoek in elke tyd en plek te doen. Christus het ons verlos en gee ons 'n nuwe lewe en dikwels raak ons te **gemaklik met ons morele en spirituele stand en ons moet waak daarteen en nie toelaat dat die verkeerde dinge insluip nie.** – 'Comfort zones'.

Selfsugtigheid kan byvoorbeeld insluip en dan verbreek ons die eenheid tussen ons waartoe ons geroep is. Christene moet in alles trots en getrou waardig die evangelie optree nog meer as die Romeinse soldate wat in alles waardig die wet van die Keiser opgetree het. Die hoofwerkwoord van die sin in die Griekse taal wat vertaal as: *om jou lewe in te rig*, het vroeër gewoonlik verwys na die gebruik van inwoners om aan stad-state hulle onderdanigheid te gee. Dus is die basiese betekenis nie alleen om 'n burger of stadbewoner te wees nie, maar eerder 'n goeie burger, wat in alles die belange van die stadstaat dien.

Iemand wie se gedrag en **optrede** eer aan die politieke liggaam bring aan wie die persoon behoort. Iemand wat deur Rome beskou was as 'n burger, was baie geëerd en het sekere voordele ook geniet. Hulle het sonder twyfel alle onderdanigheid aan die keiser gegee. 'n Verantwoordelike burger het niks gedoen wat enige skade aan die stad kon doen nie. Ons sien dus dat Paulus die bogenoemde in gedagte gehad het toe hy die term 'om jou lewe in te rig' gebruik het. As die burgers van Filippense so toegewy was aan die eer van hulle menslike koninkryk, hoeveel te meer moet die gelowiges aan die koninkryk van Christus toegewy wees.

God het deur sy genade ons verlos deur ons Here Jesus Christus en ons burgers van sy hemelse koninkryk gemaak. Hierdie genade van God wat ons in Christus burgers van sy koninkryk gemaak het, is die kragbron waaruit ons in staat gestel word om soos een man toegewy aan God te lewe en nie ons eie selfsugtige belange ten koste van die koninkryk van God te stel nie, maar saam te leef met een doel voor oë – die eer van die Here!

Amen.

Wat sal jy se maak dat daar dikwels nie eensgesindheid onder mense is nie? Hoe kan jy dit beveg?

| |
|--|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

Hoe leef jy eensgesindheid uit?

| |
|--|
| |
| |
| |

| |
|--|
| |
| |
| |
| |
| |

Wat is ons motivering om vir eensgesindheid te werk?

| |
|--|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |